



## Kiepersol se 28ste AJV is voor die deur

“Kiepersol se Algemene Jaarvergadering (AJV) vind op 13 Augustus by Klein Paradys plaas en die belangrikheid daarvan kan nie onderskat word nie.”

So sê Hennie Ferreira, voorsitter van die streek. “Daar is ook ’n buitengewone oop NUB-vergadering vir dieselfde dag belê en dit het tot gevolg dat die AJV eers vieruur Saterdagmiddag kan begin omdat bestuurslede en spesifiek die voorsitter, by dié vergadering op Bloekompoort (tussen Vereeniging en Villiers) moet wees.

“Die oop NUB is belê om die voorgestelde grondwetwysigings te bespreek wat later aan die Sawa-kongres voorgelê moet word. Dit maak voorsiening vir die afskaffing van gebiedsbesture en die vervanging daarvan met vier areas wie se verteenwoordigers jaarliks by die

Kongres verkies sal word.

“Sonder om my verslag aan die AJV vooruit te loop kan nou reeds gesê word dat ons streek ’n goeie jaar agter die rug het. Gebeurtenisse wat uitstaan is Kiepersol se betrokkenheid in die gemeenskap. Ons is nie ’n welsynsorganisasie nie maar staan simpatiek tot die nood van minderbevoorregtes in ons gemeenskap. So gee ons al vir baie jare die dankoffergawes wat by eredienste opgeneem word aan die Centurion Raad vir Bejaardesorg (CRB) wat groot werk in die belang van ons ouer medeburgers doen. Dis nie net in ouetehuse waar bejaardes versorg word nie, maar dienssentrums speel ook ’n belangrike rol om dit makliker vir ons ou menses te maak. Tydens ’n besoek aan dr Elma Kruger, direkteur van die CRB, het sy haar dank en waardering teenoor ons streek



*Hennie Ferreira en dr Elma Kruger, direkteur van die CRB*

uitgespreek vir die donasie.

“Frank en Hettie Smith se inisiatief om saam met Helpende Hand die nood van veral ons mense in plakkerskampe te verlig, is nog ’n aksie wat uitstaan,” aldus Hennie.

### Lees binne verder

|                           |    |
|---------------------------|----|
| Oordenking                | 2  |
| Sawa in breër verband     | 2  |
| Redakteur sê in die breë  | 3  |
| Kampnuus                  | 4  |
| Saamtrekdatums            | 4  |
| Voorsitter sê             | 5  |
| Sawakalantjies (kleuters) | 6  |
| Nasionale Senioroer       | 7  |
| Schalk gesels             | 8  |
| Senior burgers            | 9  |
| Jongklomp (tieners)       | 9  |
| Fotobeeld                 | 10 |
| Verjaarsdae               | 11 |
| Lief en leed              | 11 |
| Fotobeeld                 | 12 |

### Ontspan lekker in die Wildtuin



*’n Groepie Kiepersollers en vriende eet ontbyt by ’n piekniekplek in die Nasionale Krugerwildtuin tydens die onlangse toer*



## OORDENKING

### Die voorbeelde van Dawid, Elia en Ester

Dawid het in die vallei van Ela op die reus Goliat afgestap met die wete dat die reus hom kon vernietig. Koningin Ester het ongenooi by die koning opgedaag om vir haar nasie se oorlewing te gaan pleit. Sy het geweet dat as die koning nie sy septer na haar uitsteek nie, sy haar plek as koningin sou kwyt wees. En Elia het op Karmelberg langs die altaar gekniel met die wete dat as God nie met vuur uit die hemel die offer op die altaar verbrand nie, hy deur die Baäl-profete vermoor sou word.

Luister na Ester se opdrag aan die Jode voordat sy na die koning gegaan het: "Gaan maak al die Jode wat in Susan is, bymekaar en vas ter wille van my. Julle moet drie dae, dag en nag, niks eet en drink nie. Ek en my kamerpersoneel sal ook vas. Daarna sal ek na die koning toe gaan, al is dit teen die wet. As ek moet omkom, moet ek maar omkom." (Ester 4:16)

Luister ook na Elia se gebed op Karmelberg terwyl die hele volk van Israel staan en luister: "Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit tog vandag bekend word dat U God is in Israel, en dat ek u dienaar is wat op u bevel al hierdie dinge doen. Antwoord my, Here, antwoord my tog dat hierdie volk kan besef dat U, Here, God is, en dat dit U is wat hulle harte weer tot U bekeer." (1 Konings 18:36-37)

Wat was die uiteinde van hierdie situasies? Dawid verslaan die reus Goliat. Die koning steek sy septer uit na Ester en daarby sorg hy dat die Jode nie uitgeroei word nie. En God beantwoord Elia se gebed met vuur wat die Israeliete na Hom toe laat terugdraai!

God is die UITKOMSGEWER. Hy kan ons vandag nog help om die oorwinning oor enige reuse in ons lewens te behaal. Hy kan aan ons guns gee wanneer ons 'n moeilike saak aan iemand in 'n hoë posisie moet gaan stel.

Sit jy tans in 'n situasie waar jy 'n uitkoms nodig? Waarom kies jy nie om soos Dawid, Ester en Elia op God vir 'n deurbraak te vertrou nie?

*Vader God, baie dankie dat U altyd op die regte tyd die regte deurbraak gee. Help my asseblief om nie moedeloos te word nie, maar om te onthou dat U tyd en manier perfek is. Ek bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen.*

- **Benescke Botha (Radiokansel)**

Breër verband

Sawa streef daarna om

- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.

- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.

- die belange van SAWA- lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.

- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.

- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.



### Streekbestuur 2010-2011

**Voorsitter:** Hennie Ferreira (083 226 176) hennief@agency.co.za

**Ondervoorsitter:** Louis van den Berg (083 277 7307) vdubl@vodamail.co.za

**Sekretaris:** Magriet Baker (083 409 3719) margaretb@johburg.org.za

**Penningmeester:** Rigard Lemmer (082 786 9928) rigard.lemmer@treasury.gov.za

**Redakteur:** Johann Lemmer (012 653 2745) lemmerj@mweb.co.za

**Senior burgers:** Frank Smith (012 654 3135) frank.hettie@vodamail.co.za

**Addisionele lede:** Jerome Henning (012 654 6127) ja.henning@telkomsa.net en Sonja de Jongh (082 414 4475) sonjadj@tshwane.gov.za

**Bankbesonderhede:** Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

## Oor Sawa in die breë sê die Redakteur: Ons is 'n ontspanningsorganisasie wat moet lekker kamp



*“Die streek se hoofbesigheid bly lekker kamp” sê Jurie Dreyer*

Die meeste mense sal vir jou sê die rede waarom hulle by 'n organisasie soos Sawa aansluit is om in die natuur te ontspan en lekker te kamp. Hulle wil wegkom van die stres wat hulle daagliks by die werk en by die huis ondervind. Die Sawa-saamtrekke bied 'n geleentheid om op 'n gereelde basis saam met vriende te ontspan. Daar kan die spreekwoordelike skoene uitgeskop en die hare laat hang word, soos die jongmense sê.

Uitsprake van die nasionale voorsitter en 'n oud-president wat op die Sawa-webblad verskyn dui daarop dat saamtrekke ontspanne, sosiale geleenthede is waaraan die hele gesin kan deelneem. “Sommige streke hou daarvan om georganiseerde aktiwiteite by hul saamtrekke aan te bied, ander streke verkies weer dat die naweek stil moet verloop. Maar niemand word ooit gedwing om by aktiwiteite in te skakel nie. As mens dit so verkies, kan jy 'n heerlike, stil naweek saam met van jou vriende deurbring terwyl die ander, meer aktiewe lede, hulself besig hou. Die enigste aktiwiteit waar daar van almal verwag word om teenwoordig te wees, is boekevat.

“Alhoewel SAWA 'n woonwa-organisasie is, word ekonomiese werklikhede nie oor die hoof gesien nie. Veral jongmense kan vandag nie sondermeer 'n woonwa bekostig nie. Daarom word lede wat nie 'n woonwa besit nie maar wel 'n tent, ook toegelaat.” Dit is baie belangrik dat veral jonger lede vir Sawa gewerf word om as teenvoeter vir die stelselmatige veroudering van ons organisasie se lede te dien.”

Almal sal egter saamstem dat daar in 'n ontspanningsorganisasie nie plek is vir negatiewe dinge soos kwaadpraat, partypolitiek, godsdiensinmenging of rassistiese ondertone nie.

... en lewer kommentaar

### Leef en laat leef is ons motto

Jurie Dreyer het 'n tyd gelede op die webblad geskryf dat leef en laat leef Sawa se motto is. “Mense wat kampeer het elkeen sy voorkeure. Dis duidelik as daar na die briewekolomme en forums van buitewêre tydskrifte en webwerwe gekyk word. Party wil absolute stilte hê, geen kinders in die oord hê nie, veral nie die irriterende geluid van skopfietsies vroegoggend nie. Ander wil iets oorkom as medekampeerders naby hulle staanplek kom, wat nog as hulle die hoek sny.

“Alhoewel die klem van streek tot streek kan verskil, kan in die algemeen gesê word dat Sawa sensitief is om nie formeel of oorgeorganiseerd te wees nie. Wat wel waar is, is dat daar 'n bestuurstelsel in plek is wat sorg dra dat alles glad verloop. Weereens is deelname hieraan vrywillig en steun Sawa op mense wat graag 'n bydrae op hierdie vlak wil lewer,” het Jurie geskryf.

Ons moet vooraf weet wie die AJV en kampanaweek by Klein Paradys bywoon om kosaankope te doen. Laat weet vir Hettie by 082 882 5299 asseblief

### Tyd van AJV noodgedwonge nou 16:00

#### Belangrike kennisgewing: Algemene Jaarvergadering

Kennis word hiermee gegee dat die 28ste Algemene Jaarvergadering van streek Kiepersol van die SA Woonwa-Assosiasie **nou om 16:00 op Saterdag 13 Augustus 2011** by Klein Paradys (Brits) sal plaasvind.

**Magriet Baker**  
Sekretaris  
13 Julie 2011

#### Nominasies vir bestuur

Die volgende lede is genomineer vir die streekbestuur:  
Voorsitter: Hennie Ferreira  
Ondervoorsitter: Louis van den Berg  
Sekretaris: Ina van den Berg  
Peningmeester: Rigard Lemmer  
Seniors: Frank Smith  
Redakteur: Johann Lemmer  
Addisionele lede: André Baker, Ronelle King, Schalk Nolte

### Datum en plek van die AJV

Lede word se aandag word daarop gevestig dat die AJV vanjaar op **13 Augustus** by Klein Paradys plaasvind. Hierdie datum is sedert Januarie in elke Kampkrummels geplaas omdat dit 'n week vroeër is as die datum wat in die amptelike jaarprogram voorkom.



## Lekker Kampnuus



### Koud maar lekker langs die rivier by Drie Berge

Daar is vol verwagting maar tog met kommer oor wat die weer gaan maak vir die Drie Berge-saamtrek voorberei. Die hele week was daar maar berigte van koue weer wat op pad is. Nietemin, die verskuldigde gelde is betaal, die woonwa gepak en daar is om negeuur Vrydagoggend 20 Mei in die pad geval. Met ons aankoms by Drie Berge het die Noltes net so voor ons deur die hek gery. Gou is daar na geskikte staanplekke gesoek, en een na die ander het die kampeerders gedurende die dag opgedaag, totdat ons vir die naweek 'n totaal van elf Kiepersolledede en een gereelde besoeker was. Die aand is die koue verdryf met 'n heerlike koppie warm sop en 'n glasië of twee sjerrie. Ons dank en waardering gaan aan die lede wat die sop voorberei en die sjerrie geskenk het. Ook moet ons diegene wat 'n heerlike vuur aangeslaan het nie vergeet nie aangesien dit maar koud geraak het langs die rivier. Kan jy dit glo, ons weet dit gaan koud wees en ons het vir Vrydagaand toe net een sakkie hout gehad! Gelukkig was dit voldoende want almal het vroeg-vroeg in hulle warm woonwaens verdwyn.

Saterdag is daar laat geslaap waarna sommige van ons Brits toe gery het om nog inkopies te gaan doen en 'n heerlike ontbyt by die groot "S" te gaan eet. Van die inkopies het ook 'n paar sakkies welkome hout ingesluit. Ons dank aan die houtkopers. Die middag is verwyd om rugby te kyk by Schalk se vermaaklikheidsentrum en die aand was daar 'n gesamentlike braai met heerlike slaai en broodrolletjies. Ook die sjerrie het nie agterweë gebly nie. Schalk het ook sy gebruiklike musiekkaskenades aangebied. Weereens dank aan Schalk en Marianne wat so geduldig die drade en knoppies aanbring en agterna dit, wat vir ons lyk na 'n kraaines van drade, weer netjies oprol. Dankie ook aan diegene wat gehelp het met die voorbereiding van die slaai en die aanpak van die vure.

Die Sondagdiens is so gereël dat daar ook 'n bietjie later ingelê kon word. Streek Roodekrui het die diens saam met ons bygewoon wat waargeneem is deur ds. Willie Burger van Brits, 'n afgetrede predikant en voormalige Weermagkapelaan. Hierna het die gebruiklike afsluiting plaasgevind waarna van die lede traag begin oppak het. Sommige van die lede wat nie haastig was om huiswaarts te keer nie, het eers 'n "brunch" aangeslaan waarna ook hulle die onvermydelike oppak en vertrek moes aandurf. Dié van ons wat soooo graag oorbly op 'n Sondagaand, was net nie bereid om R180 vir die ekstra nag se verblyf te betaal nie. Die oord se "midweek" begin glo op Sondag en dit is hulle tarief, *take it or leave it*.

**Kampkommandante: Frank en Hettie Smith;  
Stef en Marthie Maritz**

## Saamtrekdatums

**29 Julie: Buffelspoort**  
Buffelsfees met Nianell, Elvis Blue.  
Navrae: 082 225 4902: Johan Fouché

**29 Julie: Manyane**  
Seniors vanaf 25 Julie  
R130 per nag (vol bespreek vir naweek)  
Navrae: 079 692 1817: JJJ van Rensburg

**13 Augustus**  
**Klein Paradys: AJV om 16:00**  
AJV-naweek een week vroeër as in die  
Jaarprogram aangedui  
Kampgeld: R360

**9 September: Gebiedskamp**  
Weesgerus

**21 Oktober: Nuwe Shangrila**  
Sal moontlik verskuif moet word

**30 Oktober - 13 Nov.**  
Tweede Drakensbergtoer  
Navrae: Frank Smith by 012 654 3135

**25 November: Joos Becker**  
Kersboomsaamtrek  
Bring gerus die kleinkinders saam

### Voorgestelde kampe vir 2012

**27 Januarie: Monateng**  
Seniors vanaf Woensdag

**17 Februarie: Drie Berge**

**16 Maart: Marula**

**6 April: Presidente**

**25 Mei: Buffelspoort**

**15 Junie: Winterkamp**

**18 Augustus: AJV Klein Paradys**

**7 September: Motango**

## Die Voorsitter sê Kiepersol se leuse vir saamtrekke is “lekker kamp”

**Hennie Ferreira**

Ons is al in Julie 2011 en die AJV vind oor minder as 'n maand plaas. Ondanks die knaende koue en die gepaardgaande verkoues gaan dit goed met meeste lede van Kiepersol. Die naweek by Manyane saam met Bosveld kom vinnig nader en die van ons wat gelukkig genoeg was om plek te kry sien baie uit na die kuier-tjie in die Pilansberg.

Almal het die geleentheid gehad om insette te maak vir 2012 se Jaar-program. Ek het net drie insette ontvang. Die bestuur het hierdie voorstelle deeglik in ag geneem. Nadat konsensus bereik is, is 'n konsepjaar-program opgestel wat by die AJV ter tafel geneem sal word (besonderhede in sakelys wat by Kampkrummels ingesluit is). Ek bedank graag die lede wat insette gelewer het en vertrou die resultaat sal vir almal aanvaarbaar wees. Die kampeerkoste van die oord, tolgelde en afstande is in aanmerking geneem. Ons moes egter ook rekening hou met die uiteenlopende behoeftes van lede in die verband.

Wat die AJV betref moes die tyd van die vergadering ongelukkig gewysig word na 16:00 Saterdagmiddag 13 Augustus. Die rede hiervoor is dat die nasionale voorsitter 'n buitengewone oop NUB belê het die oggend. Daar word verwag dat minstens die voorsitter en soveel as moontlik bestuurslede dié vergadering bywoon. Die voorgestelde nuwe Sawa-struktuur en gevolglike grondwetwysigings sal daar uitgepluis word. Die vergadering vind by Bloekompoort naby Vereniging plaas. Dit het die bestuur met geen ander keuse gelaat nie as om die tyd van die AJV aan te pas sodat die voorsitter eers daar teenwoordig kan wees en daarna Klein Paradys toe kan ry om teen 16:00 die stoel by Kiepersol se AJV in te neem. Aanvaar asseblief

my verskoning vir dié onafwendbare wysiging. Ons hou direk na die AJV 'n funksie in die saal, laat asseblief vir die bestuurslede weet



of julle gaan bywoon en hoeveel mense julle gaan wees sodat ons die kosvoorsiening kan regkry. Dankie byvoorbaat aan Fanie Marx en Jannie van den Berg dat hulle hul vaardighede met betrekking tot spitbraai tot ons beskikking gestel het. Ons sal ook 'n bietjie kan skoffel in die saal danksy Schalk en Marianne Nolte wat die musiek sal voorsien.

Dit is met groot hartseer dat ons verneem het dat Christo van der Merwe se broer oorlede is. Christo, Martie en familie, weet dat julle SAWA-familie julle aan die Here opdra en vertrou dat Hy julle die nodige vertroosting bied in hierdie tyd van beproewing.

Die eerste kamp na die AJV is die gebiedskamp te Weesgerus. Besonderhede sal sou gou as moontlik bekend gemaak word.

Ons het tans 69 lede in Kiepersol en ek sal dit waardeer as julle deurgaans op die uitkyk sal wees vir nuwe lede. Moet nie net kyk na potensiële lede wat woonwaens het nie, maar ook na mense wat met tente kampeer. Jonger lede is noodsaaklik vir die streek se toekoms. Help ons asseblief om hierdie doelwit te bereik.

Kommunikasie in die streek is vir ons as bestuur baie belangrik. Laat ons dus weet as julle selfoonnommers en/of e-posadres verander. Dit sal verseker dat die bestuur se boodskappe op 'n gereelde basis by julle uitkom en sal bydra tot 'n meer ingeligte ledekorps. Laat ons as bestuur ook weet van enige belangrike gebeure (lief of leed)

waarvan ons moet kennis neem. Baie dankie aan elkeen wat dit reeds so getrou doen. Onthou jy het 'n SAWA-familie wat vir jou omgee. Dankie dat ons nou voorstelle kry by elke kamp.

Die senior burgers se toer na die Wildtuin het goed afgeloop. Lees elders in Kampkrummels hieroor. Let ook op dat ons streek onder leiding van Frank en Hettie Smith na die Drakensberg toer en as julle vinnige met Frank kontak maak sal julle nog kan saamgaan.

Frank en Hettie koördineer ook ons uitreik saam met Helpende Hand. Daar word tans linnegoed benodig om houthuisies wat by 'n plakkersplaas opgerig word van beddegoed te voorsien. Hettie vra dat julle asseblief beddegoed sal saambring na die AJV. Kom ons verras onself en maak 'n groot poging hiervan. Wat ons ander gemeenskapsprojek betref het ek onlangs R3700 (dankoffergawes) aan die direkteur van die Centurion Raad vir Bejaardesorg by Rusoord oorhandig. Dr Elma Kruger het versoek dat ek elkeen van julle persoonlik bedank vir die skenking, en weet dat hulle elke sent broodnodig het. So maak Kiepersol 'n verskil in die gemeenskap.

Wat Kiepersol se saamtrekprogramme betref is ons leuse 'lekker kamp' en ek glo dat dit wel die geval is. Ek sal graag insette van julle wil ontvang oor hoe ons dit kan wysig of verbeter. Ons implementeer graag nuwe idees of voorstelle.

Met die skrifverwysing van 1 Korintiërs 3;7 sluit ek graag af:

*“Wie plant en wie natgooi, is nie belangrik nie. Die belangrike Een is God, want dit is Hy wat dit laat groei”*

**Kiepersolgroete, Hennie**

**Tandartse by  
Elwierda Apteek**

**Dr René Pretorius**

**Dr Tania Erikson**

**Telefoon: 012 653 6154**

# Storie vir Sawa Kalantjies



## So ry die trein, die GOU trein!

Die Gautrein is hier! Maatjies, daar is min slapies voordat ons op die trein kan ry. Vra gerus vir pappa en mamma of julle as gesin op die trein kan gaan ry. Die trein gaan die afstand tussen Johannesburg en Pretoria in minder as 40 minute afblits. Plek-plek gaan hy soos 'n mol onder die aarde induik om dan weer kop uit te steek en soos 'n koeël oor die landskap te pyl. Treinry gaan nooit weer dieselfde wees nie.

Die Gautrein sal natuurlik nie net een enkele passasierstrein wees nie, maar 'n vlytige gesin van verskillende luukse-treine wat deurlopend teen ongeveer 160 km/h of vinniger heen en weer sal beweeg. Hulle behoort in staat te wees om elke dag meer as 100 000 passasiers te vervoer op die

spoor van 80 km met sy altesame tien stasies. Die rit tussen die lughawe en Sandton-stasie duur reeds minder as 'n kwartier.

Elke trein het drie of vier passasierswaens. 'n Passasierswa sal sitplek aan sowat tagtig passasiers kan verskaf, terwyl daar staanplek vir nog omtrent twintig sal wees.

Na vertel word, is nie minder nie as 260 000 beton-dwarsleërs vervaardig vir die spoor waarop die treine beweeg.

Lekker ry, maatjies! (Tannie Alet)



*Oom Jack van der Merwe en oom Olaus van Zyl, tannie Carike Keuzenkamp se man, by die trein*

## Pretoria-Noord Toyota

Die enigste onafhanklike Toyota-handelaar in Pretoria!



- Nuwe Toyota passasiersvoertuie
- Nuwe Toyota kommersiële voertuie
- 250 Automark gebruikte voertuie
- Egte Toyota onderdele
- Werkswinkel

Pretoria-Noord Toyota bestaan sedert 1983 en ons leef ons motto - "Ons diens en groei" - ten volle uit.

**ALTYD BESKIKBAAR - 250 AUTOMARK-  
GEBUIKTE VOERTUIE**

Pretoria-Noord Toyota  
Gerrit Maritzstraat 597  
PRETORIA-NOORD  
Tel 012-546-0545

19979-2705/09/LEEF/PH



NEEM LEIDING TOYOTA

## BRITS WOONWAENS



### Brits Woonwaens BK

Brits Woonwaens is ongeveer 50km vanaf Pretoria en sowat 100km vanaf die Wes-Rand. Dit is ook die naaste handelaar aan die Jurgens CI Fabrik te Ga Rankuwa. Ons bied die Jurgens, Gypsey, Sprite en Safari reeks aan, asook Jurgens Sleepwaens. Ons produkreeks word met 'n Campworld-winkel aangevul. Produkte soos: Howling Moon, Coleman, Engel, National Luna en talle meer kan hier teen kompeterende pryse gevind word.



Van Deventerstraat 39, Brits  
T. 012 252 5169 F. 012 252 7722  
britswoonwaens@lantic.net www.britscaravans.co.za



## Nasionale senior burgertoer Ons het die toer baie geniet, sê toerlede

Die afgelope nasionale toer vir senior burgers na die Nasionale Krugerwildtuin en Noordelike Presidente was 'n groot sukses. Dit is duidelik uit die kommentaar wat van toerlede ontvang is: "Ons het die toer geweldig geniet, een van ons lekkerste toere nog" en "dit was ons eerste toer en sal ons altyd bybly." Dis maar enkele van die oorweldigende positiewe terugvoering wat ontvang is.



President Nico sê dankie aan Christo

'n Groep toerlede van die gebied Goeie Hoop en een gesin van Streek Klein Karoo het ook by Nkwe by die toer aangesluit. Hulle het ook hul waardering betuig: "Baie dankie van ons Kapenaars vir die heerlike toer en al die reëlings. Ons het dit baie geniet en weer ons SAWA-familie uitgebrei. Ons hoop dat ons volgende jaar weer so sal kan maak."

Die konvooi van meer as twintig woonwaens het op 4 Junie vanaf Nkwe vertrek en die aand by Manoutsa, 'n boomryke oord by die Olifantsrivier naby Hoedspruit, oorgegaan. Sondagoggend was die rit tot by die Orpenhek van die Nasionale Krugerwildtuin (NKW) nie te ver nie en Satara sou vir vyf nagte ons tuiste wees. Daarna was dit vier nagte by die pragtige Letaba - kamp voordat



By Manoutsa met berg agter



Jannie se moerby-gereg

die groep na Swadini vertrek het. Na die Noordelike Presidente die naweek is huiswaarts gekeer.

Die toerleier, Christo van der Merwe, het ook sy tevredenheid uitgespreek:

"Die toer het verloop soos ek verwag het. Ons het deur van die mooiste streke in ons land gery en by mooi oorde oornag. Die siel van die toer was egter die mense: Sawanante wat goed bymekaar ingeskakel het en nuwe vriendskappe gesmee het.

"Die uittog was in 'n sekere sin anders as vroeëre senior burgertoere. As lede van 'n "nuwe geslag" senior burgers het die toer nie noodwendig gehou by gesamentlike oggend- en middagtee nie en ook nie noodwendig alles tydens die toer in groepsverband gedoen nie.

"Ek maak graag melding van die vriendelike ondersteuning wat ons van Nasionale Dagbestuur ontvang het en die lekker gemaklike wyse waarop ek met Juliana by die



Ina van den Berg by Mariepskop

SAWA-kantoor kon saamwerk. Daar is ook groot waardering dat feitlik die hele Dagbestuur ons by Nkwe kom afsien het."

Christo het spesiaal verwys na die die twee dames wat hul woonwaens enduit gesleep het:

"Ek wil graag 'n roos aan elkeen van ons twee "tawwe koekie" dames wat tree vir tree saamgery en bygehou het, oorhandig. Frieda Burger, vrou-alleen en Edith Bohnen, onder Hendrik se wakende oog nadat hy 'n ernstige motorongeluk oorleef het. 'n Sawanant se hart swel van trots wanneer jy sien hoe twee SAWA-dames hul kragtige sleepvoertuie en groot woonwaens so netjies hanteer. Frieda moes selfs tussen Lydenburg en Dullstroom (onder hewige protes) vir 'n tyd voor ry nadat ek moes stop om eers ons woonwa se dak vas te



Martiens en Willy gesels

maak. Welgedaan dames! Julle kan enige tyd weer saamry!

"By Swadini het die toergroep vir die ander Sawanante gewys presies hoé pannekoek gebak moet word!

"Die Maandag het ons daarvandaan na Laske Nakke (Lydenburg) vertrek waar ons vir oulaas as toergroep oornag het.



Blikkies praat met Jurie by Nkwe

"'n Toergroep bestaan uit al sy lede en hulle bepaal die uiteindelijke verloop daarvan. Dit was vir my en Martie 'n voorreg om saam met so 'n puik groep Sawanante te kon toer," het Christo ten slotte gesê.

('n Volledige oorsig oor die toer deur Christo van der Merwe het verskyn in die winteruitgawe van SAWANANT)

## Schalk gesels met 'n Ierse-Franse-Hollandse kombinasie

Die kamp by Drie Berge was rustig, en so tussen die kuiery, rugby en musiek deur kon mens altyd die rivier in die agtergrond hoor verbydruis. Daar was weer nie die geleentheid om met iemand te gesels nie, maar ons kon darem 'n afspraak maak om later een aand by 'n paartjie te gaan kuier.

Hilda praat in Sewende Laan van 'n sout-suur kombinasie met bietjie brandewyn by vir 'n ekstra skop! Ek sal met die Ierse-Franse kombinasie afskop. M... Johanna Cornelia Bovill is in Pretoria, soos menige ander persone met wie ek al gesels het, in 'n hospitaal gebore. Sy was die vierde kind van ses, waarvan slegs die oudste 'n seun was. Haar ouers bly nog steeds in dieselfde huis as destyds, slegs twee huise weg van waar sy vandag bly. Van hier af het sy in die Voorpos Laerskool skoolgegaan en so 'n bietjie netbal gespeel, maar nou nie juis daarin uitblink nie. Sy het meer in die kulturele deel van skool belanggestel, en het in die laerskoolkoor gesing, en was later een van die eerste prefekte in standerd vyf (dit was die eerste keer dat hulle prefekte gekies het). Twee van die hoogtepunte in haar laerskoolloopbaan was toe sy 'n bytjie moes wees in die konsert in graad 1. Hulle het seker dadelik haar talent en aanvoeling vir die skone kunste raakgesien, want sy is toe later in standerd vyf gekies om die rol van 'n dansende varkie te vertolk!

In die CR Swart Hoërskool was daar nie plek vir bye en varke nie, en sy het bietjie diskus gegooi en weer in die koor gesing, maar ook in matriek in die skyfskietspan met 'n R1-geweer geskiet. Die hoogtepunt in haar hoërskoolloopbaan was in standerd 8 toe sy buitemuurs saam met haar broer aan volkspele deelgeneem het, en toe vir HOM ontmoet het, maar daaroor gesels ons later! Na matriek het sy geswot vir 'n tandheelkundige assistent, en is vandag nog steeds daarby betrokke in die Wilgers-area, alhoewel die tandarts nie meer dieselfde is nie!

Vir "ekstra skop" is hy as 'n Franse-Hollandse kombinasie, as die oudste van drie seuns, in Standerton gebore. Sy pa was 'n gekwalifiseerde sweiser en het as 'n grofsmid gepraktiseer. Met sy pa as leermeester het hy geleer hoe om sy hande te gebruik en self goed te maak, ook speelgoed, iets wat hy nog vandag as stokperdjie beoefen. Toe hy in graad een was het sy pa sweisers-tering opgedoen. Hy was later in die Holmdene plaasskool waar daar 57 kinders in die skool was. Hulle het bietjie rondgetrek en op Klaserie het hy op Kampersrus by Mariepskop skoolgegaan. Terug by Holmdene het hy standerd vyf gemaak. In standerd ses het hy 130 km van sy ouerhuis af by die Ligbron Tegniese Hoërskool op Ermelo begin, en was ewe goed in al drie die rigtings: elektris, meganies en pas en draai. Hy het onder andere 'n kristalradio gemaak wat nie wou werk nie, 'n G-klamp wat gewerk het, en waarvan hy die knoppies by die huis aangesit het. Sy pa het egter besluit dat akademies die beste rigting vir hom was, en in standerd 8 is hy toe Standerton toe. Daar was egter nie baie kans vir sport op 'n plaasskool nie, en hy het dus skelm aan sport, en ook "sports" deelgeneem. Vrugtestelery was die "sports"deel! Maar in Standerton het hy ook kans gehad om aan volkspele deel te neem, en dit klink my hier word toe nou 'n saadjie geplant vir toekomstige verwikkelinge!

In die matriekvakansie het sy lewe letterlik gedraai. Hy het sy nek gebreek toe hy op die Eiland teen iemand vasgeduik het! Sy matriekuitslae het hy gesien in die Sandton hospitaal met 'n kopstuk aan sy kop vasgeskroef. Dit het hom egter gehelp om uitstel te kry vir sy militêre diensplig. Die uitstellery het aangehou tot hy uiteindelik algehele vrystelling gekry het – in Afrikaans, en handgeskrewe! Die feit dat hy 'n sleutelposisie in die poskantoor beklee het, het ook baie

bygedra tot sy vrystelling.

Sy deelname aan volkspele het twee groot hoogtepunte in sy lewe gelewer. Hy het al volkspele gedoen in die Sharktenk (Kingspark), maar die belangrikste: hy het sy meisie so ontmoet! Sy was lid van die Kokkewietlaer in Pretoria, en hy lid van die Heidelberglaer. Die eerste keer wat sy hom raakgesien het, het sy meer in sy swart motorfiets belanggestel as in hom. En toe een aand op pad terug van volkspele af in 'n Volkswagen, het sy hom genooi om agter by haar te sit, MAAR: hy moes sy hande tuis hou. Hierdie uitdaging het hy natuurlik met albei hande aangegryp! Ek kan ongelukkig nou nie onthou of hy toe by haar voorwaarde gehou het nie. Dit het egter gelei tot 'n oor en weer kuiery, en toe, elf maande nadat sy matriek gemaak het, het hulle verloof geraak en is op 2 Februarie 1985 in die Waverley NG Kerk getroud.


Hy was betrokke by die outomatisasie van die poskantoor handsentrales en hulle moes maar redelik rondtrek. So het 'n ou met wie hy eenkeer reises gejaag het in Namibië op die pad tussen Windhoek en Grootfontein, hom later daarop gewys dat hy met 'n papwiel gejaag het!

Willem en Maria Nordejé het drie kinders: BP, Marelu en Jomari, wat almal al uit die skool is, en saam het hulle al diep spore in SAWA getrap. As 'n span het hulle saam met hul kinders alles saam probeer doen, en baie goeie tye saam deurgebring. So het Willem saam met sy seun BP al aan baie fietswedrenne met 'n tandem deelgeneem, iets wat hy nooit saam met sy eie pa kon doen nie. Hulle het die waarde besef van geduld, of "lankmoedigheid" soos die ou Bybelse vertaling dit noem.

In sy boek "The currency of the future", skryf Brad de Haven:

"Teamwork is the joint action and cooperation of its members, where each person sees the other person's success as a means for the attainment of their own. They beat the odds when "me" becomes "we".





Seniors

## Oudword is nie vir sissies nie!

Frank en Hettie Smith, senior verteenwoordigers

By hierdie geleentheid wil ons verwys na seniors wat nie spesifiek met ons Assosiasie verband hou nie, alhoewel daar van hulle mag wees waarvan ons nie eers bewus is nie. Dit verwys **nie** na diegene wat weens omstandighede hul huise verloor en nou in hul woonwaens te Maroela-woonwapark 'n tuiste gevind het nie. Nee, ons verwys na diegene wat laat in hul lewens alles verloor het, wat tans feitlik geen aardse besittings het nie, wat staan nog 'n woonwa! Die groep seniors waarna ons verwys woon op 'n plaas langs Van der Hoffweg op pad na die Hartebespoortdam.

Ons het met hul kennis gemaak deur ons betrokkenheid by Helpende Hand, 'n afdeling van Solidariteit. Soos ons lede bewus is, het ons al by drie geleenthede klere vir Helpende Hand ingesamel. Daar is 'n beroep gedoen dat ons beddegoed moet insamel aangesien daar tans 'n honderd eenvertrek houthuisies opgerig word om mense te akkommodeer wat tans in uiters haglike toestande, sommige in plastiese skuilings, onder bome, woon. Deur bemiddeling van Willem Nordejé is 'n honderd komberse deur die personeel van *Nokia Siemens Systems* ingesamel vir oorhandiging aan Helpende Hand.

Die huisies word met geskenkte planke, staalvensters, staaldeurrame en sinkplate gebou. Daar is gapings tussen die planke wat tans met nat papier toegestop word. Die doel is om hierdie mense net onder 'n dak te kry. Later sal daar gedink word om tweedehandse matte te probeer kry om teen die mure vas te slaan en die vloere te bedek. Al die werk word deur die huidige inwoners self gedoen. Almal moet werk. Met ons besoek is 'n persoon gevind met slegs een arm wat spykers aan die bouers aangegee het. Ablusiegeriewe wat tans in aanbou is bestaan uit 'n steengebou met die nodige geriewe. Weens die koste van elektrisiteit word donkies gebou om water warm te maak vir die storte en baddens.

Met watter indrukke het ons die plaas verlaat? Eerstens armoede wys op die inwoners se gesigte. Is dit hoe ons oumas, oupas en ouers gedurende die depressie-jare gelyk het? Tweedens is daar 'n bereidwilligheid om te werk en hul omstandighede te verbeter. Derdens is daar 'n blymoedigheid wat onbegryplik is. Om hul situasie te verbeter word dit oorweeg om 'n melkery te begin en om self groente in tunnels te kweek. Kan ons dalk help? Die is maar net een van die talle plakkerskampe vir hoofsaaklik Afrikaanse mense in en om Pretoria.

**Drakensbergtoer 30 November**  
Navrae: Frank Smith (012 654 3135)

jongklomp



## Tieners vra: Hoekom is ek so vlugvoos Te min slaap maak my vlugvoos

Jy't jou slaap nou nodig! Hormone sit wel daaragter dat jy nou so lief is vir slaap. Gedurende puberteit is daar 'n subtiele verskuiwing van slaappatrone – die snelgroEIFase wat jy in jou tienerjare beleef, vereis waarskynlik meer slaap. Dit word gedeeltelik verklaar deur 'n verhoging van die slaaphormoon in tieners se bloed. Wanneer die wekker seweur in die oggend lui, dink jou tienerlyf dit is nog vieruur in die oggend. Baie tieners kry deurentyd te min slaap, iets wat hulle met dieselfde simptome as vlugvoosheid laat.

Jong mense het nege uur slaap per nag nodig, maar as jy soos die meeste tieners is, sal jy nie voor die vroeë oggendure moeg voel nie. Navorsers sê dis normaal: tieners se bioritme veroorsaak dat hulle eers om en by twee-uur in die oggend vaak word en dan tot elfuur wil slaap. Dis 'n dood-

normale proses.

Dr. Steve Delpont, 'n spesialis in die studie van hormone en 'n pa van twee seuns wat reeds deur puberteit is, sê daar is niks buitengewoons aan puberteit nie.

“Puberteit is egter 'n normale groeiperiode en moet so hanteer word. Baie van die tienergedrag wat ouers rasend maak, kan voorkom word as ouers hul kinders die regte feite oor puberteit gee en gereeld met hulle praat.

“Ouers dink verkeerdlik dat hul kinders nou groot is en vertrou dan verantwoordelikhede aan hulle toe waarvoor hulle nie gereed is nie,” sê Steve. (Dis goed om te weet 'n mens se ouers is nie altyd reg nie!)

“In jou tienerjare verander jou selfbeeld, nes jou liggaam, dramaties. Daarom bring 'n mens ure voor die spieël deur en voel jy dikwels selfbewus. Jou ouers moet besef dis normaal dat jy in dié tyd alleen wil wees. Tieners het hul ouers se ondersteuning nodig”

- Elise-Marie Tancred

## Lekker kampeer langs die rivier by Drie Berge



*Hannie en Hennie Ferreira, ons voorsitterspaar*



*Schalk Nolte wat weer sy gewilde musiekspeletjie aangebied het*

*Foto's geneem deur Schalk Nolte en Frieda Burger*



*Willie Bronkhorst, nasionale sekretaris en 'n Kiepersoller*



*Wenners musiekraai: Willem, Maria en haar tannie*



*Kampkommandante: Frank en Hettie; Stef en Marthie*



**Skakel om 'n afspraak te maak  
072 949 6293**  
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en  
Springbokstraat, langs die  
pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier  
was nie**

**Parkeer onder groot bome  
Ondersteun ons eie mense**

### **ELWIERDA APTEEK**

Elwierda@mweb.co.za  
Noodnommer 082 460 0162

#### **Kom maak kennis en kry:**

- Flinker diens
- Billike Pluspryse
- 'n Goeie luisteroor
- Professionele advies
- Vriendskap vir 'n leeftyd
- Oop sewe dae per week
- Noodure tot agtuur saans
- Aflewering

### **Elwierda Apteek**

Koedoestraat 184 Wierdapark

**Telefoon** 012 653 6153 012 653 6172  
**Faks:** 012 653 6175

# VERJAARSDAE



*Dis vir  
Kampkrummels  
baie aangenaam  
om die mense  
wat hier langs-  
aan vermeld  
word geluk te  
wens met hulle  
verjaarsdae*

## Augustus

03 Guillaume Jordaan  
05 André Knoetze  
07 Natasha Baker  
07 Wilanda Prinsloo  
08 Neil Pretorius  
10 Pierre de la Harpe  
11 Antoinette Kruger  
13 Annatjie Voges  
16 Susan Delpport  
17 Con Arnold  
19 Petro Hartzler  
21 Magdanell Botha  
24 Irma Beneke  
25 Thys Botha



*Lief en  
leed*

Frieda Burger het 'n kleindogter ryker geword

Marco Prinsloo was in die hospitaal met longontsteking en vog op die longe

Jerome Henning se moeder is oorlede

Christo van der Merwe se broer is oorlede

Willem en Sonja de Jongh het skade aan hulle huis gehad

Annetjie Voges het by Drie Berge geval a.g.v. lae bloeddruk, maar dit gaan goed

Seef Delpport het vir angiogram gegaan maar dit gaan goed

Maria Nordeje se vader was baie siek

Frank Smith se suster was in hospitaal

Susan Delpport was in hospitaal en dit gaan beter.

Hettie Smith se skoonsuster se moeder is met kanker gediagnoseer.

## SAWA in breër verband



## S A Woonwa-Assosiasie E rekode

Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die Grondwet, asook tot die Reëls en Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie

Verder verbind ek myself tot die volgende:

- Ek sal strewende om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe;
- Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoë doen om ons Assosiasie uit te brei;
- Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar;
- Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik;
- Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers;
- Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ek in aanraking kom, af te dwing.

## Volgende kamp: Manyane

Die gashere, streek Bosveld, het 'n lekker kuierweek by Manyane gereël vanaf Sondag 24 Julie. Diegene wat nie so gelukkig is om dan al daar te wees nie, kan gedurende die week aansluit maar die naweek van 29 Julie is volbespreek.

Die hoofspyskaart wentel om wildkyk in die Pilansberg reservaat maar daar is ook ander dinge om te doen.

Dinsdagaand is daar 'n saambraai en kampvuur, Woensdagmiddag word 'n besoek aan die nabygeleë Sun City gereël. Donderdag vanaf tienuur is daar 'n sjampanje-ontbyt, Vrydagaand word worsbroodjies verkoop (bestel asseblief vroegtydig by die kampkommandante). Saterdag word weer saam gebrui en om die kampvuur gesels.

Die saamtrek word Sondagoggend met boekevat afgesluit en daarna kom elke streek bymekaar om huishoudelike sake af te handel.



## Sawa se wildfotograwe tops



*Dit lyk of dié ou grote vir die kamera poseer*



*Dikgevrete luiperd in 'n boom*

## Die groot vyf in al hulle glorie



*Buffel se kind*



*Die een lyk gesteurd*



*Renoster ou maat*



*Hierdie keer eet hy laer*



*Pragtige koedoebul*



*Reuse kremetartboom*



*Die sebras bly maar mooi*



*Skops-uil in Satara*



*Kyk hoe lek hy sy lippe af!*

*Die foto's in hierdie blad is, tensy anders aangedui, geneem deur Frieda Burger, Hendrik en Edith Bohnen en Johann Lemmer*

# DIE SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE

## STREEK KIEPERSOL

Kennis word hiermee gegee van die 28ste **ALGEMENE JAARVERGADERING** van **STREEK KIEPERSOL** van die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie wat gehou sal word op Saterdag 13 Augustus 2011 om **16:00** in Kleinsaal van die **KLEIN PARADYS-WOONWAPARK (BRITS)**

**MAGRIET BAKER**  
**SEKRETARIS**  
13 Julie 2011

### SAKELYS

1. Opening en verwelkoming
2. Kennisgewing van die 28ste Algemene Jaarvergadering
3. Presensielys (sirkuleer), verskonings en konstituering
4. Mosies (bylae A, later beskikbaar)
5. Vasstelling van die Sakelys
6. Goedkeuring van notule van die 27ste Algemene Jaarvergadering
7. Sake voortspruitend uit die notule
8. Voorgestelde saamtrekke vir 2012: Vir oorweging (Kyk bylae B hieronder)
9. Finansiële sake
  - 9.1 Geouditeerde Finansiële Verslag en goedkeuring daarvan (Bylae C, later beskikbaar)
  - 9.2 Aanwysing van rekenkundige beampte
  - 9.3 Toewysing van kerkkollekte
10. Voorsittersverslag en goedkeuring daarvan
11. Kongres-sake
  - 11.1 Afgevaardigdes vir 2011-kongres
  - 11.2 Voorgestelde nuwe Sawa-struktuur
12. Besprekingspunte en Algemeen
  - 12.1
  - 12.2
13. Verkiesing van die Streekbestuur vir 2011/2012 (Kyk bladsy 3, Kampkrummels)
14. Oordra van groetebodskappe vanaf Gebied en Dagbestuur
15. Toekennings
16. Bedankings
17. Afsluiting

### BYLAE B: VOORGESTELDE SAAMTREKKE VIR 2012

(Dien as basis van bespreking)

|                     |                                               |
|---------------------|-----------------------------------------------|
| 27 Januarie         | Monateng (seniors vanaf Woensdag)             |
| 17 Februarie        | Drie Berge 1                                  |
| 6 Maart             | Marula                                        |
| <b>6 April</b>      | <b>Presidente (Nasionaal)</b>                 |
| 25 Mei              | Buffelspoort (gasheer Kosmos, snrs van Woens) |
| <b>16 Junie</b>     | <b>Nasionale Winterkamp</b>                   |
| 27 Julie            | Manyane (gasheer Bosveld, snrs vanaf Woens)   |
| 18 Augustus         | AJV Klein Paradys                             |
| 7 September         | Motango                                       |
| <b>22 September</b> | <b>Kongres (Hartenbos), moontlike toere</b>   |
| 19 Oktober          | Kaia Manzi                                    |
| 30 Okt – 13 Nov     | Drakensbergtoer                               |
| 16 November         | Kersboom: Joos Becker                         |
| 7 Desember          | Thaba Kgatla (tuisblyers)                     |

**PROGRAM: ALGEMENE JAARVERGADERING: SAWA KIEPER-  
SOL: KLEIN PARADYS: VRYDAG 12 AUGUSTUS 2011  
TOT SONDAG 14 AUGUSTUS 2011**

**Vrydag 12 Augustus 2011**

Arriveer en slaan kamp op

19:00 Boekevat

19:15 Registrasie

Koffie, tee en beskuit

**Saterdag 13 Augustus 2011**

Kuier gesellig saam tot die vergadering begin

Daar sal 'n kermis op die terrein aangebied word, ondersteun hulle asseblief

Jannie van den Berg en Fanie Marx sal alles gereed kry vir die skaapbraai

16:00 Algemene Jaarvergadering in die kleinsaal

18:30 Ete en funksie in die kleinsaal. Bring asseblief eie eetgerei, borde en drinkgoed.

Slaaie sal voorsien word

Nagereg

Schalk Nolte maak musiek vir diegene wat 'n bietjie langarm wil dans

**Sondag 14 Augustus 2011**

10:00 Kerkdiens

11:00 Afsluiting

Veilig terugsleep!

Kampkommandante

Frank en Hettie Smith

Louw en Linda de Jager